

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
6 Maart 1977

Onderwerp: Moenie julle kinders vertoorn nie
Doopdiens

Lees: Efésiërs 6 verse 1 tot 9

Teks: Efésiërs 6 vers 4

Sing: Psalm 25 verse 1 en 6
Gesang 94 verse 4 en 5

“In God se raadsplan met die mens is die verhouding tussen ouers en kinders van kardinale belang. Dit is só belangrik in die koninkryk van God dat een van die tien gebooië hieroor handel: ‘Eer jou vader en jou moeder’. En dan verbind die HERE daaraan ’n belofte: ‘dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.’ (Ex 20:12)

“Hierdie gebod lê op elke kind die verpligting om sy ouers te eer, al is hulle arm, ongeleerd of outyds. Elke kind moet sy ouers eer. God gebied dit en wie hierdie gebod oortree, is in sy ongehoorsaamheid in opstand teen God.

“Maar Broers en Susters, hierteenoor word daar ’n nóg swaarder verpligting op die ouer gelê. Naamlik om só op te tree, te werk en te glo, dat die kind hom kan eer. Daarom het die HERE in die Nuwe Testament hierdie gebod herhaal: ‘Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.’ (Ef 6:1) Maar aan die ouers sê Hy: ‘En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.’ (Ef 6:4) Dit lê op die ouer ’n dubbele verpligting: ’n negatiewe en ’n positiewe verantwoordelikheid, ’n moenie en ’n moet.

“‘Vaders, moenie julle kinders vertoorn nie’. Dit beteken nie dat ouers moet sorg dat hulle kinders nooit vir hulle kwaad word nie. Kinders is ook in sonde ontvang en sal ook soms vir hulle ouers kwaad word uit sondigheid, of omdat hulle nie verstaan nie. Hulle kan ook by geleentheid ten onregte kwaad word. En ouers mag nie hulle roeping tot tug en dissipline verwaarloos uit vrees dat die kinders sal kwaad word nie.

“Die woord wat die Bybel in die oorspronklike taal gebruik vir ‘moenie julle kinders **vertoorn** nie’ het drie betekenisse, wat elkeen in hierdie teks te vinde is.

“Eintlik beteken dit: Vaders moenie julle kinders prikkel tot boosheid nie. Met ander woorde, ouers mag nooit die oorsaak wees dat hulle kinders in sonde verval nie. Hulle mag hulle nie aanspoor tot boosheid nie. Nou kan ’n mens vra: Maar watter ouer sal dit doen? Kan ’n ouer werklik so boos en bedorwe wees? En tog, Broers en Susters, doen ouers dit so dikwels. Kom ons kyk na ’n paar voorbeelde:

“As ouers hulle kinders nooit kerk toe bring en ook vergesel nie, por hulle hul nie aan om God te vergeet nie? Lei so ’n ouer nie sy kinders in die versoeking om God te vergeet en die wêreld en die bose te dien nie? As die ouers nie kerk toe gaan nie, skep dit by die kind die indruk dat God en Godsdienis nie belangrik is nie.

“En as ouers na plekke gaan en aan dinge deelneem wat God se Woord verbied, prikkel hulle nie hulle kinders om die breë weg bó die noue weg te kies nie?

“U kan self verder aan voorbeelde dink. Die feit is, ouers kan so maklik, soms willens en wetens, maar soms sonder om dit te bedoel, kinders na die verderf lei. God sê ons mag dit nie doen nie.

“Die woord wat die Apostel hier in ons teks gebruik, beteken ook: afbreek. God wil aan elke ouer sê: Moenie jou kind se lewe afbreek nie. U voed hom en klee hom en dit is goed. As ’n ouer weier om dit te doen, kan hy deur die owerheid gestraf word en die kind kan van hom weggeneem word. Maar hoeveel ouers is daar wat juis die geloofslewe van hulle kinders afbreek en hulle weerbaarheid teen die duiwel verswak? Broers en Susters, God sal dit nooit ongestraf laat bly nie. Dit is onsinnig om kinders Sondagskool toe te stuur en hulle onmiddelik daarna op te laai en die erediens te mis. ’n Mens sidder as jy daaraan dink wat God met ’n ouer sal doen wat sy kind se geloof en verbondenheid aan Jesus Christus op hierdie manier afbreek.

“Vaders moenie julle kinders afbreek nie. Die magte van die duisternis val die jeug vandag juis só aan. Moenie hulle geloof en karakter so afbreek dat hulle die prooi word van dwelmverslawing of die sondes van permissiwiteit nie, of dat hulle maar net op ’n ordentlike wyse verlore gaan nie.

“In die teks is die betekenis van toorn ook dat kinders hulle nie moet skaam vir hulle ouers nie. Ouers moet só optree dat hulle nie deur hulle kinders vervloek word nie. Nooit mag die kinders met die vinger wys en sê: Dit is my ouers se skuld nie.

“In ons teks staan: ‘... voed hulle op in die tug en die vermaning van die Here.’ Voed hulle op. Dit is ’n positiewe taak en ’n voltydse werk. Van alle kleintjies in God se skepping is die mens se kinders die langste afhanklik van hul ouers se sorg. Klein diertjies word deur hulle instinkte gelei om later reg op te tree soos dit hulle soort pas. Hierteenoor moet ’n mensekind opgevoed word. Hy word nie deur die natuur of instink gelei nie. Sy natuur is bedorwe. Sy verstand moet ontwikkel word. Sy karakter moet opgebou word. Sy wil moet gesterk en sy geloof moet aangewakker word. Broers en Susters, dit kan alleen gedoen word deur die gedurige voorbereiding, getroue onderrig in navolgenswaardige voorbeeld wat spruit uit die groot liefde tot God, maar ook tot die kindjie. Dit verg van die ouer toewyding en daaglikse uitvoering en nakoming van die doopbelofte. Met ander woorde, wat hier voor God en aan God beloop word, moet nougeset uitgevoer word.

“Die Woord van God gee duidelike riglyne hoe hierdie opvoeding moet geskied: in tug en in vermaning van die Here. Tug beteken leiding. Die kind moet positief in die goeie en regte gelei en voorgegaan word. Hy moet nie gestuur word nie, maar gebring word. Hy moet nie gedreig word nie, maar gelei word. Dit is so pragtig. Die ouer het ’n positiewe taak. Hulle moet nie net die goeie aan die kind voorhou nie, maar moet die goeie aan die kind leer, soos die ouer die kind leer om te loop en te eet. En dit Broers en Susters, moet met liefde en sorg na die behoefte van die kind en na die eise van sy lewe ooreenkomstig God se Woord geskied. Soos die Woord aandui, moet hy gelei word.

“Die ouers moet altyd die voorbeeld stel. Dit beteken dat die ouer nie op paaie moet loop waar hy sy spore moet doodvee nie. Dit beteken ook dat hy nie lui of moeg moet word nie. Nee, hy moet voorbly in alles wat God beveel.

“Maar die kind moet nie net gelei word nie, maar ná die Here gelei word. Hy moet na Jesus Christus gebring word. Hy moet gelei word volgens die eise en standaarde van God se Woord. Dit is ’n groot werk.

“En daar is geen groter en mooier voorreg as om ’n kindjie van God te ontvang en op te voed nie.

“Die kind moet ook in vermaning opgevoed word. Hy sal nie altyd wil volg nie, want hy is in sonde ontvang en gebore. In hom lê die neiging om te sondig. Daarom mag die vermaning en tug nie uitbly nie. Hy moet nie

net geleer word nie, maar ook vermaan en gedissiplineer word. Hy moet ook nie net vermaan word sonder dat hy gelei word nie.

“Leiding en vermaning is twee grondvereistes vir ’n gesonde opvoeding na die eis van God se Woord. En dit is die betekenis van die Doop. Hier bely ons voor God ons geloof en erken ons dat ons kinders deel het aan die verbond. Daarom het hulle reg op ’n opvoeding in die tug en vermaning van die Here. En wee die ouer wat sy kind van hierdie reg beroof.

“Welgeluksalig is die ouer wat sy doopbelofte nakom, sy kinders nie vertoorn nie, maar na Jesus Christus lei en wat ten alle tye kan sê: ‘Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het’. (Jes 8:18; Hebr 2:13)

“Amen.”